RAADSBELEID

ONDERWERP : PLASING VAN WETLIKE KENNISGEWINGS

VERWYSING : 10.1.1

BESLUIT NR : 24.12/01/2003 DATUM : 27 Januarie 2003

BELEIDSOOGMERK : Om die plaas van wetlike kennisgewings in die pers te reël.

BELEIDSFILOSOFIE & BEGINSELS
Ten einde effektiewe en doeltreffende deelname van die gemeenskap in die funksies van die Raad te verseker, is die plaas van wetlike- en tenderkennisgewings in die pers een van die moontlikhede wat nagevolg kan word. Die plaas van wetlike kennisgewings in die pers rakende sekere aangeleenthede word ook voorgeskryf in verskeie stukke wetgewing. Ten einde ook te verseker dat almal ‘n gelyke kans in die tenderprosedures van die Raad het, is dit ook noodsaaklik dat tenders in die pers geadverteer word.

RIGLYNE
Dat advertensies, insluitend tenderadvertensies, wat volgens Wet of een of ander voorskrif deur die Raad in die pers geplaas moet word, geplaas word in gepaste media wat in die Raad se gebied versprei word.

PROSEDURE
1. Indien ‘n advertensie in die pers geplaas moet word, moet ‘n kennisgewingnommer by die tikpoel verkry word.

2. Die advertensie moet ook aan die tikpoel voorsien word vir die tik en/of verspreiding onder die toepaslike amptenare.

ROLLE
Skrywers van kennisgewings en die Hooftikster.

VERWANTE BELEID
Geen

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.